

Jan Steyn preek 3 Maart 2019

Skriflesing: Johannes 19:28-30

Vyfde kruiswoord: Ek is dors

Tema: Dors

Hoekom is Jesus se uitroep Ek is dors so belangrik?

Werklik mens-as mens aan kruis gely. Hy identifiseer volledig met mense deur hierdie kruiswoord. God en dit wat gees is raak nie dors nie- mense met vleis en bloed liggame raak dors. Daar was baie groepe in die geskiedenis wat gedink het hulle eer God deur net klem Jesus se Goddelikheid. Soos die Gnostici gedoen het. Die worstelende en dors Redder aan die kruis dus probleem- dit lyk nie baie goddelik nie. Jesus dus skyn-liggaam en nie werklik pyn van kruis ervaar nie. Sy gebede in die tuin waar Hy bloed gesweet het en uitgerope het: Laat die beker by My verbygaan, maar nie My wil nie, U wil verwerp hierdie siening. Die alte menslike uitroep Ek is dors ook. Die van ons wat al by sterwende mense teenwoordig is, weet ook hulle nie kos soek nie- hulle lippe is droog en hulle is dors.

Die feit dat God deur Jesus as mens gely het, is hierdie geweldige troos vir ons as lyding en swaarkry op ons pad kom. Timothy Keller: God came into this world and became vulnerable and suffered and died himself. He is God with us. He gives us this personal presence in our suffering. He knows what it is like to experience hunger, danger, torture, suffering and death. Die vorige kruiswoord van Jesus gaan oor geestelike lyding: My God, waarom het U my verlaat? Hierdie een Ek is dors gaan oor fisiese lyding. Dit herinner ons God verstaan ons geestelike en fisiese lyding wat op ons pad kom. Hy staan daarin langs ons en by ons.

Jesus roep dus Ek is dors uit as waarlik mens en as waarlik God. Jesus se uitroep verwoord Sy fisiese dors, maar herinner ons aan die beginsel van geestelike dors.

Wat beteken dat Hy Ek is dors uitroep as mens?

Hy bring ons dors na God onder woorde. Hy roep namens alle mense uit: God ek dors na U. Ek het U nodig. Ek kan nie sonder U lig en U troos en U sorg lewe nie. Ons sien natuurlik nie altyd dat die nood wat ons het eintlik na God is nie. Hierdie dors vandag in die wêreld om gesien te word, om erken te word, om gewild te wees, om ryk te wees, om dinge te besit, is eintlik alles hierdie misplaaste soeke na God. (Annes Nel) Want om te dink alles wat jy het of bereik het gaan vir jou die diepste vervulling en vrede moontlik gee, is soos om met 'n tien trok lorrie te ry oor 'n brug wat 4 ton kan hanteer.

Net by God kry jy ware vrede, ware rus, ware tevredenheid. Vra my, ek het dit self by al die ander plekke al gesoek.

Wat beteken dat Hy Ek is dors uitroep as God?

Dit beteken Jesus roep God se dors na ons uit- dat Hy in verhouding met ons wil wees, ons Voorsiener wil wees, ons laste wil neem, ons sonde wil vergeef, ons skuld wil uitwis, ons aanbidding en gehoorsaamheid vra. Hy roep na ons sodat ek en jy die doel sal sien waarvoor Hy vir jou en my spesifiek gemaak het. Dis dalk die grootste wonder van Jesus se uitroep- God dors na jou en my ook, nie net ons na Hom nie, want God is soos wat Hy ons gemaak het, ook hierdie verhoudingswese.

Wat gebeur met jou lewe as jy by Hom lewende water gevind het?

In Johannes 4 is Jesus in gesprek met die Samaritaanse vrou by die put vir wie Hy vra om vir Hom water te gee. Jesus vertel haar dan dat God vir haar lewende water kan gee wat in haar soos hierdie fontein sal wees wat in haar opborrel. As jy na God draai en jou dors na Hom erken, gebeur daar deur die werk van die Gees iets binne- in jou. Maar in Johannes 7 herinner Jesus ons daar gebeur deur God se Gees dan ook sekere dinge deur jou: Met die een wat in My glo is dit soos die Skrif sê: Strome lewende water sal uit sy binneste uitvloei. Die lewende water of die werk van die Gees borrel in my op en vloei uit my uit. Ek en jy is nie opgaardamme nie, ons is kanale waardeur God se vrede en liefde en genade na ander moet vloei.

Mense wat verlang in plaas van begeer:

Dirkie Smit skryf dat ons vandag in hierdie begeer wêreld leef eerder as 'n verlang-wêreld. Hy verduidelik dit so: In die plek van ons verlange na God en ons naaste het begeerte gekom, die ewige versugting om meer te hê- in so 'n wêreld waar alles om onself en ons nimmer-versadigde begeertes draai, is daar vir God en ons naaste feitlik geen plek nie. Hulle is eerder in die pad. Want hulle maak ook nog aanspraak op ons kosbare tyd en kragte. En so leef ons weg van mekaar en van God... die enigstes wat ons diepe verlange na meer kan vervul. Levi Lusko sê ons is so uitgelewer aan die vervulling van ons persoonlike bucket lists, dat ons nie plek of tyd vir God of ander mense het nie.

As jy jou dors na God erken het en Hy het deur Sy Gees lewende water in jou binneste kom uitstort, watter soort mens is jy? Nie wat is die kwaliteit van jou huis en kar en goed nie, wat is die kwaliteit van jou verhoudings? Want lewende water is bedoel om jou in hierdie konneksie met God en jou naaste te bring.

Ons wat so hard probeer om ons eie fonteine te wees- om te roem op ek het dit bereik, ek het dit gedoen, ek het geslaag, kyk wat het ek gekoop. Vir ons wat nie altyd ons dors sien en erken nie, kom

roep Jesus in Openbaring 22: Elkeen wat dors het moet kom, elkeen wat die water van die lewe wil hê moet dit kom kry, verniet! Omdat Jesus aan die kruis uitgeroep het Ek is dors, hoef niemand meer te vra na die lewende water nie- dis vryelik beskikbaar.

Daar is niks wat jy kan betaal om lewende water te verkry nie, jy kan dit net ontvang. God skeep hierdie dors in ons wat net Hy self kan versadig. Soos Augustinus geskryf het: My hart is onrustig in my, totdat dit rus vind in U.

Amen